Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 24 Maart 1948 No. 17

# K.G. — EN KONGRESFEITE — WEERSPREEK DR. MALAN

**Na aanleiding van dr. Malan se verklaring in die Burger van Maandag dat hy hom ten opsigte van adv. Vorster se kandidatuur geen „veto-reg toegeeien het of dit uitgeoefen het nie", het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, in 'n onderhoud met die O.B. as volg verklaar:**

In Die Burger sien ek dat dr. Malan oor die geval Vorster 'n ontkenning doen wat blykbaar sinspeel of woordspeel op die woord „veto-reg".

Afgesien van woordspelletjies weet ek net dat die kandidatuur van 'n onbesproke Afrikaner, advokaat John Vorster, wat in die Empire se konsentrasiekamp, Koffiefontein, moes smag, wat op Brakpan woon en wat 'n Hoofbestuurslid van die Afrikanerparty is en dus vanselfsprekend die aangewese kandidaat is, **verydel is op aandrang van die H.N.P.-leiding en dat die gronde vir die aandrang lê in die feit dat adv. Vorster, benewens 'n troue ondersteuner van die Afrikanerparty, 'n man is wat nie die O.B. versaak het nie. Kortom, geen Afrikanertrou of offervaardigheid weeg in die oë van die H.N.P.-leier op teen die smet dat 'n man aan die O.B. kleef nie.**

Ek het, as O.B.-leier, geen lus of rede om my in die verkiesingsroes in te werp nie: **maar ek het as O.B.-leier ook geen lus of rede om 'n troue en goeie mede-Afrikaner met 'n skouerophaling te laat veronreg deur andere nie."**

Afgesien van woorspeling en haarklowery is dit natuurlik 'n erkende feit dat die amptelike H.N.P.-houding sou rym met die verydeling van die kandidatuur Vorster. Op De Aar, in September verlede jaar, het die H.N.P.-kongres onder leiding van dr. Malan na aanleiding van die toetrede van O.B.-lede tot die Afrikanerparty, 'n besluit oor die O.B. geneem waarvan punt 3, volgens Die Burger van 24 Sept. 1947, as volg lui:

**„Geen lid van die Party wat ook nog lid van die O.B. is, mag as ampsdraer van die Party gekies word nie. Onder 'ampsdraer' word ook ingesluit alle Parlements- en Provinsiale Raadslede en KANDIDATE WAT DEUR DIE PARTY ONDERSTEUN WORD". (Met ander woorde 'n Afrikanerpartykandidaat wat in Brakpan deur die H.N.P. ondersteun moet word). — Red.).**

# K.G. VRA OF VERKIESING DAN TEEN O.B. GAAN

## Dr. Malan Veto Lede Van A.P.-Bestuur

**„Indien hierdie besluit nie herroep word nie, sodat 'n Afrikaner wat drie jaar lank in die Empire se konsentrasiekamp gesit het as kandidaat vir 'n bondgenoot-party geweier word, terwyl 'n Sap-L.V. wat vyf jaar lank die Empire se stryd teen daardie Afrikaner ondersteun het, met ope arms in die parlement ontvang word, dan moet dit my nie kwalik geneem word nie wanneer ek sê dat dit vir my voorkom of dr. Malan meer bekommerd is om O.B.'s uit die parlement te hou as Sappe," het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, verlede Donderdag op Stellenbosch gesê toe hy 'n gehoor van duisend mense in die stadsaal toegespreek het.**

Ons leef in 'n ander wêreld as tien jaar gelede, het die K.G. begin. Die uitkoms van die oorlog is dat ons 'n kolossale magsverskuiwing ten koste van die blanke aanskou. Die oorlog was gemik teen baasskap, so is verklaar, maar baasskap is iets wat jy nie kan vernietig nie, jy kan maar net die draer daarvan vernietig. **In hierdie geval is die blanke draer daarvan vernietig en die baasskap het oorgegaan op Asië. Dit is die grootste magsverskuiwing en die grootste bedreiging vir die blanke beskawing in die afgelope duisend jaar.** In die Ooste is die blanke besig om plek na plek te ontruim, maar Suid-Afrika kan nie ontruim word nie, hier waar 'n handjievol blankes hul enigste vaderland op 'n kontinent besit. Hierdie bedreiging moet baie ernstig beoordeel word, **want in die aangesig daarvan spreek dit vanself dat alles wat nie om die blanke te verdeel, as doodsgevaarlik beskou moet word, en alles wat saamsnoer, moet nagejaag word.**

### TOEKOMSTAAK

Spr. wil stilstaan by die toekomstaak van die Ossewabrandwag, wat die draer is van veral twee gedagtes, die republikeinse en die partylose gedagtes. Aan mense wat sê die O.B. het net 'n oorlogstaak gehad toe hy gedien het as blitsafleier vir die republikeinse Afrikanerdom, wil spr. sê dat die O.B. gekom het om te bly. Hy is die taaiste ratel wat nog ooit onder ons volk gelos is, en die rede daarvoor is dat hy die draer is van die twee gedagtes wat genoem is. Daar bestaan twee siele in die bors van ons volk — die republikeinse en die imperialistiese. Albei het 'n lang tradisie en vir albei is duisende lewens opgeoffer. **En wanneer 'n ideaal gewyd is deur die verloop van eeue en die opoffering van duisende lewens, kan jy nie twyfel aan die bestaan van daardie ideaal nie, en ook nie aan sy toekoms nie. Die Ossewabrandwag het by uitstek geword die draer van een van hierdie rigtings — die republikeinse, en daarom kan ook aan sy toekoms nie getwyfel word nie.**


### BAIE ANDER

Spr. gee toe dat daar duisende republikeine ook buite die O.B. is, en daarvoor is hy dankbaar, want dit sou swak gestaan het met die ideaal as sy aanhangers tot een organisasie beperk was. Maar geen party kan die konsekwente draer van die republikeinse gedagte wees nie om die eenvoudige rede dat geen party die parlementêre mag in hande kan kry as hy nie op die kritieke oomblik daardie ideaal opsy skuif terwille van andersdenkendes se stemme nie. Mense wat by voorbeeld vyf jaar gelede oorgeloop het van republikeinisme vanaf openbare verhoë, kan vandag nie die woord oor hul lippe trek nie weens die op hande synde verkiesing. — (uitroep van „skande!") **„Nee dit is geen skande nie, het die K.G. teengewerp, daardie mense is nie noodwendig swakker as ons nie, maar hulle word gedwing om dit te doen, soos ons ook maar verplig sou gewees het as ons 'n party was.**

### VOORBEELD

'n Baie goeie voorbeeld hiervan het ons verlede jaar gehad, toe die koning, die simbool van die imperialistiese stroom, in die land was. Dit was toe by uitstek die tyd om te toon waar die imperiale lojaliteit en waar die republikeinse lojaliteit staan. Die Ossewabrandwag het openlik verkondig dat hy, met alle agting vir die persone van die koninklike gesin, met hulle niks te doen wil hê as simbole van die imperiale stroom nie. Op 27 Februarie, die herdenkingsdag van Amajuba, het die Ossewabrandwag sy vryheidsvure op die kruin van die berg en dwarsdeur die land laat brand, **terwyl op daardie oomblik partypolitieke leiers saam met die koning heildronke gedrink het.**

(Vervolg op bl. 2, kol. 1)



Die K.G. dr. J. F. J. van Rensburg

# OP PAD NA EUROPESE EENHEID

**Die drie besettingsgebiede van Duitsland wat deur Amerika, Frankryk en Brittanje beheer word, sal toegelaat word om deel te neem aan die konferensie van sestien lande wat die Marshallplan in Parys bespreek.**

Spanje sal besmoontlik ook by hierdie blok ingesluit word. Die versoek is afkomstig van Portugal. 'n Uitnodiging is ook gerig aan die Oos-Europese lande om deel te neem aan die konferensie—sonder enige vrug.

# Koue Oorlog Word Warmer

Die koue oorlog tussen die Weste en Rusland is 'n stap verder gevoer toe Amerika, Engeland en Frankryk verlede Saterdag aangekondig het dat hulle die teruggawe van die Adriatiese hawe Triëst aan Italië voorgestel het. Die stad is indertyd deur die Paryse vredeskonferensie onafhanklik verklaar as gevolg van die botsende aansprake van Italië en Joego-Slawië.

Inmiddels het Rusland uit die Geallieerde Beheerraad in Berlyn gestap, sodat die breuk oor Duitsland feitlik voltooi is.

# ADV. VORSTER NOU ONAFHANKLIK

Adv. John Vorster, wie se kandidatuur vir die Afrikanerparty in Brakpan deur die H.N.P.-leiding geveto is weens sy lidmaatskap aan die Ossewabrandwag, het besluit om op aandrang van sowel die plaaslike H.N.P.-leiers as A.P.-takke die setel as onafhanklike te betwis.

Na Dagbreek berig, is die hoofbestuur van die H.N.P. vir die veto verantwoordelik, en nie dr. Malan persoonlik nie. Dit is moontlik op hierdie feit wat dr. Malan se ontkenning dat hy 'n veto-reg toegepas het, berus. Tegnies is dit dus korrek, maar kragtens besluit van die Uniale kongres van 4 Junie 1941 in Bloemfontein is dr. Malan met volmag beklee, sodat hy 'n hoofbestuursbesluit omver kan werp.

# LADYBRAND VIR Mnr. HAVENGA

Die H.N.P.-leiding in die Vrystaat het eindelik bekend gemaak dat 'n setel vir mnr. N. C. Havenga afgestaan is, naamlik Ladybrand, waar mnr. John le Roux kort gelede as H.N.P.-kandidaat genomineer is. Mnr. Le Roux het ingewillig om terug te staan.

# V.S.A. SPRING OM IN PALESTINA

**Amerika het aangekondig dat hy nie van voorneme is om met die verdeling van Palestina in twee state, een vir die Jode en 'n ander vir die Arabiere, voort te gaan nie. Die aankondiging is gedoen op die vergadering van die vier groot moondhede wat die Palestynse vraagstuk die afgelope naweek in New York bespreek het. Frankryk en Sjina het te kenne gegee dat hulle die Amerikaanse plan steun.**

In plek hiervan stel Amerika voor dat Palestina tydelik onder trusteeskap van die V.V.O. geplaas word.

**Die herroeping van die vorige besluit word deur waarnemers in verband gebring met die moontlikheid van oorlog tussen Amerika en Rusland. Amerika kan in sulke omstandighede nie bekostig dat daar 'n oorlog in Palestina ontbrand waarin hy teen die Arabiere sal moet stelling inneem nie. Veral sy Oliebelange in die Nabye Ooste sal ernstig bedreig word daardeur.**

# K.G. VRA OF VERKIESING DAN TEEN O.B. GAAN

(Vervolg van bl. 1, kol. 4)

**Spr. neem hulle dit nie kwalik nie, want hulle moet dit doen as hulle Engelse stemme wou trek. Maar dit toon hoe noodsaaklik dit is dat daar 'n organisasie buite die partypolitiek bestaan wat die ideaal vir die volk kan dra.**

### GENL. HERTZOG

'n Ander voorbeeld het ons in 1924 gehad. Spr. beskou genl. Hertzog as die grootste Afrikanerleier van die eeu. Saam met hom het hy manne gehad soos genl. Kemp wat sy lewe tweemaal gewaag het vir die republiek, en tog moes hierdie manne in 1924 voor die verkiesing uitdruklik aankondig dat die republikeinse kwessie nie ter sprake sal kom nie.

Daarom sê spr.: as u die republikeinse ideaal wil red, red hom in iets wat nie verkiesings elke vyf jaar hoef te veg nie.

### PARTYLOOS

Met verwysing na die partylose ideaal van die Ossewabrandwag het spr. gesê dat die blankedom die grootste bedreiging uit Asië belewe sedert die Mongoolse invalle in die twaalfde eeu wat nog maar gering was in vergelyking met die kolossale magsverskuiwing wat tans aan die gang is. Alles wat die blankes kan verdeel moet as doodsgevaarlik vermy word, en is daar iemand hier wat vir my iets kan noem wat groter haat en verdeeldheid onder 'n volk, ja selfs tussen vaders en kinders en broers onderling verwek as die partystelsel? U sal in die komende maande opnuut 'n opsweping van hierdie haat belewe. Hierdie stelsel dwing 'n volk in 'n net waar die een party bo die ander lê en die enigste moontlikheid vir die onderste een om bo te kom en asem te skep, is om te spartel, en wanneer mens spartel, skop mens mekaar raak. Hierdie stelsel het al selfs plek-plek daarin geslaag om die kerk, wat van uit volksoogpunt beskou, die mees behoudende anker is wat ons volk nog ooit gehad het, in twee te skeur. Op die dorp waar spr. groot geword het staan vandag twee gemeentes van dieselfde kerk, en die oorsaak daarvan was politieke haat in 'n stryd tussen Sap en Nat. — Dit is goedkoop om te sê dit is die Nattes of die Sappe se skuld, maar die wortel van die saak is die partystelsel wat broers teen mekaar in die harnas jaag. Die O.B. beskou die partystelsel as 'n vyandskap tussen state binne 'n staat.

### IN REPUBLIEKE

Nou word dikwels gesê dat die O.B. iets uitheems najaag omdat hy teen die partystelsel is. Daar kan verskil van mening bestaan oor die vraag of die partystelsel goed of sleg is, maar oor die feit dat dit 'n uitheemse ding is, kan geen verskil bestaan nie. **In die Boererepublieke wat ons totsover gehad het, was die stelsel onbekend — dit was partylose state. Hier sit vanaand professore in staatsleer en geskiedenis, en ek vra enigeen van hulle om vir my die naam van die opposisieleier in die Transvaalse of Vrystaatse Republiek te noem. Hulle kan nie, want daar was geen partystelsel nie. Daar was wel verkiesings, maar ná die verkiesing het Paul Kruger in die presidentstoel gesit met sy teenstander Joubert langs hom in dieselfde regering.**

### BEROEPE

In die plek van partye wil die Ossewabrandwag verteenwoordiging gee aan beroepe — organisasies wat blywend en noodsaaklik is. **Oor twintig jaar sal dit nie veel verskil maak aan die land wat die politieke oortuiging van dié of dáárdie vanaand was nie, maar dit sal baie verskil maak of die boere goed geboer het en of die mediese beroep sy taak goed teenoor die volk vervul. Daarom is dit van meer waarde om hulle verteenwoordiging te gee as partye wat kom en verdwyn.**

### WIL STEM

Die K.G. het voortgaande die beskuldiging behandel as sou die O.B. nie meer wil stem nie. Verre daarvandaan het die O.B. reeds in Januarie 1943 'n voorstel skriftelik gerig aan die drie partypolitieke leiers van daardie tyd — mnr. Havenga, mnr. Pirow en dr. Malan. **Die voorstel het gelui dat indien hierdie drie leiers mekaar vind sodat driehoekige gevegte by die verkiesing uitgeskakel word, die O.B. nie net sy stemme nie, maar sy hele organisasie agter hul kandidate sal inwerp.** Twee leiers het die voorstel aanvaar, maar dr. Malan het dit geweier en hy het sedertdien herhaalde aanbiedinge van O.B.-hulp by tussenverkiesings van die hand gewys.

### A.P.

Dit was die toestand tot November 1946 toe die Afrikanerparty-kongres 'n uitnodiging aan die Grootraad van die O.B. gerig het om sy kongres by te woon in Bloemfontein. Vir die O.B. was dit 'n vriendskapsbetuiging wat hy lankal ongewoond aan geraak het. Daaruit het voortgevloei die hartlikste gevoel. Spr. het toe 'n jaar gelede op hierdie verhoog 'n telegram voorgelees waarin aangekondig word dat mnr. Havenga O.B.-lede binne sy party verwelkom sonder verloëning van hul identiteit. Dit het spr. beweeg om die land kruis en dwars te bereis ten einde O.B.-lede aan te moedig om hul gewig by die Afrikanerparty in te werp. **„As u sewe jaar lank Ismael was, sal u weet wat dit beteken wanneer 'n verantwoordelike leier u aanvaar as 'n goeie Afrikaner,"** het spr. beklemtoon. Ons het nou met behoud van ons identiteit, wat vir ons dierbaar is, 'n parlementêre tuiste gekry, waar daar nie teen ons gediskrimineer word nie.

### NIE TEENSTRYDIG

Dit lyk miskien teenstrydig met die voorafgaande stelling dat die O.B. 'n partylose ideaal nastrewe, maar dit is nie. Hoewel 'n partylose staat ons ideaal is, besef ons dat ons in 'n partystaat lewe waar daar ook geveg word — **net soos die republikein ook maar moet veg solank hy binne 'n Britse Dominium is, en selfs die eed van trou moet aflê soos in die geval van manne soos wyle genl. Kemp en Conroy — harde republikeine.**

Binne die raamwerk van die partystaat spreek dit vanself dat die O.B. nader aan sommige partye staan as aan ander. Die verste van hom af staan die Kommunistiese Party en die naaste aan hom die Afrikanerparty.

### BRUG GEVORM

Nadat die O.B. die Afrikanerparty gevind het, het mnr. Havenga by dr. Malan aangeskakel. Ons het toe gemeen dat dit minstens 'n demping van die sinnelose stryd onder nasionaalgesindes sou beteken. Maar spr. is in die ongelukkige posisie dat hy vanaand weer 'n telegram moet voorlees soos 'n jaar gelede, maar met 'n ander inhoud. Aan mnr. Havenga is elf setels deur die ooreenkoms toegeken, en twee van daardie setels is Brakpan en Roodepoort aan die Rand. **In hierdie setels het mnr. Havenga twee van sy hoofbestuurslede, adv. John Vorster en oom Louis Bootha, onderskeidelik benoem. Maar die telegram wat spr. vanmiddag ontvang het, lui dat dr. Malan hierdie twee kandidate geveto het.** Die leier van die H.N.P. is nie bereid om die kandidatuur van 'n man soos adv. Vorster — die sterkste man wat teen die Speaker in daardie setel gestel kon word — goed te keur nie. Adv. Vorster was drie jaar lank in die Empire se konsentrasiekamp, waar hy ook

(Vervolg op bl. 3, kol. 3)

## K.G. SPREEK VROUE TOE


Die vroue-offisiere van die Kaapse Skiereiland en aangrensende distrikte het verlede Vrydag onder voorsitterskap van die Gebiedshoofvrou, dr. Erika Theron, in Kaapstad bymekaar gekom. Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, sowel as die Gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, het hulle toegespreek oor die huidige politieke situasie en die aanstaande algemene verkiesing.

Op twee of drie na was al die hoof-offisiere wat versoek is om teenwoordig te wees, aanwesig. Onder meer het die K.G. die nuwe organisasievorm waardeur kleiner afdelings direk met die hoofkantoor sal skakel, verduidelik. Dit het groot byval gevind by die offisiere, aangesien gevoel word dat die O.B. nou 'n organisasie is wat soos suurdeeg moet deurwerk en daarom alle moontlike verstoppings in die verbindingskanale uitgeskakel moet word.

# STAAN SAAM EN RED S.A. MAAN GEBIEDSLEIER

**„Suid-Afrika verkeer vandag in die posisie van iemand wat borg geteken het vir 'n persoon wat bankrot speel en sodoende met totale ondergang bedreig word. Daarom is dit tyd dat almal wat Suid-Afrika hul vaderland gemaak het — ook die Engelssprekendes — na vore moet tree en belet dat ons land gebruik sal word as borg vir 'n land wat op die verklaring van die balju na reeds klaar bankrot is," het gebiedsgeneraal dr. F. D. du Toit van Zyl by geleentheid van die K.G. se vergadering op Stellenbosch gesê, en beklemtoon dat ons politiek insluitend en nie uitsluitend moet wees nie.**

Dr. Van Zyl het hulde gebring aan die Kommandant-generaal en sy vreugde uitgespreek oor die groot aantal per-



Dr. F. D. du Toit van Zyl

sone wat teenwoordig is wat andersins nooit te lese kry wat die O.B.-leier sê nie weens die vrees by diegene wat bang is dat die K.G. die volk as 'n geheel agter hom sal kry en daarom weier om in druk te sit wat hy sê.

Ons lewe in 'n tyd van vertroebeling as gevolg van die periodieke algemene verkiesing wat weer een van die dae plaasvind. Soos gewoonlik word ook vertel dat hierdie verkiesing die belangrikste is waaraan die volk nog ooit deel gehad het. So is ook vertel dat die verkiesing van 1915 die belangrikste in die geskiedenis is, en ook dié van 1920, 1921, 1924, 1929, 1938 en 1943. Maar ons het geleer dat as die verkiesing verby is, daar geen woord meer gerep word van die belangrikheid van die verkiesing en die beloftes wat gemaak is nie. Na die verkiesing word al die belangrikheid daarvan vergeet maar die stryd tussen Afrikaners gaan nietemin onverpoosd voort.

### K.G. SE AANDEEL

Dit is goed dat daar 'n Hans van Rensburg in hierdie tyd is om leiding te gee, het dr. Van Zyl onder dawerende toejuiging verklaar. Dit is die naam van die K.G. wat by uitstek genoem sal word as die man wat die grootste bygedra het om die broederstryd te beëindig wanneer die volk van Suid-Afrika daartoe sou besluit om politieke partye totniet te maak en as een volk te regeer in plaas van met twistende partye op te tree.

Dit is nie die verkiesing van 1948 met sy setelgesoek wat belangrik is nie, maar die blywende dinge van die verlede en die toekoms wat belangrik sal wees, het die Gebiedsleier gesê.

Daar hang vandag 'n donker wolk oor die wêreld. Vir ons is dit die buitenste duisternis self. As die Kommunisme in ander lande seëvier, beteken dit dat 'n ander deel van die volk aan bewind sal kom, maar in Suid-Afrika sal die leiding oorgaan van die blanke na die naturel. As die volk een is, is daardie gevaar soveel minder. Indien ons nie gesamentlik optree nie, sal ons almal, ook die politieke partye, onder gaan.

### IMMIGRASIE

Dit is nie net hierdie gevaar wat ons bedreig nie, maar 'n nuwe gevaar stroom uit Europa. Tienduisende vlugtelinge en miljoene ponde kom na Suid-Afrika. Ons weet uit die beste bron dat hierdie mense nie van die beste persone uit Brittanje is nie. Ook uit Holland word daar mense na Suid-Afrika gebring — net om ons te troos. Maar ons weet ook dat 'n Hollander voordat hy na Suid-Afrika kan kom, bewys moet lewer dat hy staan waar die nasionale Afrikaner nie staan nie.

**Engeland is besig om te verhuis na Suid-Afrika. Hy kom soos 'n rot wat langs die kabeltoue in die kaaie afhardloop. Suid-Afrika is die sleutelposisie tot Afrika en is aangewys om die leiding in Afrika te neem. As Engeland Afrika wil besit, dan weet hy hy sorg dat hy in besit is van Suid-Afrika.**

### BORGSTAAN

Ons verkeer tans in 'n posisie van iemand wat borg gete-

(Vervolg op bl. 3, kol. 2)

# 1,000 Mense Hoor K.G. in Eikestad: Geslaagde Toer

**Ongeveer duisend geesdriftige Afrikaners het verlede Donderdagaand in die Stellenbosse stadsaal saamgedrom om, onder voorsitterskap van genl. dr. S. J. Pretorius, na die toespraak van die Kommandant-generaal te luister. Die K.G. is telkens luid toegejuig.**

Begelei deur lede van die O.B.-wag, het die K.G. die verhoog bestyg. Die flinke optrede van die wagte, wat ook die vlaghysing waargeneem het, het groot indruk op die aanwesiges, en veral op die baie besoekers gemaak.

Prof. dr. E. E. van Rooyen, van die Kweekskool, het die vergadering met 'n kragtige gebed geopen waarna hfkomdt. Jan de Waal die K.G., die Gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, welkom geheet het. Komdt. de Waal het verklaar dat die O.B. hoop dat daar nog veel vrugte gepluk sal word van die huwelik wat tussen die Afrikanerparty en die Ossewabrandwag plaasgevind het.

Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes, onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel, het met opgewekte marsmusiek die gehoor in die regte stemming gebring. In die Kaapse Skiereiland het die orkes reeds 'n onontbeerlike instelling op vergaderings geword.

Nadat die K.G. sy toespraak afgesluit het, het die gehoor soos een man op die been gekom om met 'n magtige ,Ons bring hulde' hul heelhartige steun aan die K.G. te betuig.

Dr. Hans van Rensburg het so pas 'n baie geslaagde toer deur die Noordweste van Kaapland voltooi. Besoeke is gebring aan Petrusville, De Aar, Richmond, Loxton, Carnarvon, Sutherland, Calvinia en Clanwilliam. Oral was goeie opkomste ten spyte van verskriklike versperings en veral opmerklik was die teenwoordigheid van andersdenkendes. Veral lede van die Verenigde Party het opgekom en met hoflike belangstelling geluister na die uiteensetting van die K.G. wat beredeneerd en sonder hartstog gegee is.

Op sommige plekke is 'n mosie van dank deur vooraanstaande lede van politieke partye ingestel.

# Adv. Vorster sedert Jeug al op Voorgrond

**Adv. B. J. Vorster (John) van Brakpan wat saam met menige ander Afrikaner gedurende die oorlogsjare deur die tronke en kampe gesleep is, se naam het die afgelope week opnuut op die voorgrond getree as gevolg van die maneuwers van sommige politieke leiers wat meen dat hy as gevolg van sy aandeel in die stryd van die Ossewabrandwag, nie goed genoeg is om kandidaat van die Afrikanerparty te wees nie, nieteenstaande sy leier, mnr. N. C. Havenga, hom goedgekeur het as kandidaat vir sy party.**

Adv. Vorster wat in 1916 te Jamestown, Kaapland, gebore is, het sy skoolopleiding te Sterkstroom geniet alwaar hy uitgeblink het as leerling en hom onderskei het om vanaf standerd I tot standerd X eerste in sy klas te staan. Onder sy skoolmaats was hy besonder gewild.

Met die voorneme om advokaat te word, is hy in 1934 na Stellenbosch waar hy die graad B.A., LL.B. behaal het. Op Stellenbosch het hy 'n buitengewone rol in die studentelewe gespeel en het by uitstek geblyk 'n leier te wees. Hier was hy onder meer sekretaris van die Unie-Debatsvereniging, ondervoorsitter van die Studente Verteenwoordigende Raad, doopkaptein, en het verder gedien op die huiskomitee van Dagbreek. Hy was ook bestuurslid van die Junior Nasionale Party aan die Universiteit en het tydens die destydse verkiesing die lewe vir die Verenigde Party-kandidaat onhoudbaar gemaak met sy organisasie en vergaderings wat hy toegespreek het.



Advokaat John Vorster

### REDENAAR

Advokaat Vorster ken die kuns om 'n gehoor te boei en beskik oor 'n uitstekende redenaarstalent. Op Stellenbosch het hy ook die redenaarsbeker verower. Dit is ook hier waar hy sy eggenote, 'n dogter van mnr. P. A. Malan van Worcester, ontmoet het. Hy is in 1941 met haar getroud.

In 1939 het adv. Vorster registrateur van Regter-president H. S. van Zyl geword maar teen die einde van daardie jaar is hy na Port Elizabeth waar hy hom as prokureur in vennootskap met mnr. Ochse, gevestig het. Hier het hy 'n bloeiende praktyk opgebou.

### TYDENS DIE OORLOG

Dit is sedert hierdie tyd dat adv. Vorster in die politieke gedrang begin raak het. In die Oostelike Provinsie het hy groot opgang gemaak en hy was besonder gewild as O.B.-leier en spreker. Hier het hy ook in botsing gekom met mnr. Otto du Plessis, destyds redakteur van Die Oosterlig.

Met die inhegtenisname en verhoor van verskeie Afrikaners onder die noodregulasies, het adv. Vorster 'n prominente rol in die verdediging gespeel en aan verskeie strafsake deelgeneem. Teen hierdie tyd was hy reeds gebrandmerk en het die politieke speurders in 1942 op hom toegeslaan. Tot vandag toe word vermoed dat vooraanstaande politici van Port Elizabeth om persoonlike redes 'n groot rol gespeel het in verband met sy inhegtenisname.

In die klagskrif waardeur hy aangekla is, het die staat drie aanklagte teen hom gehad: sekere uitlatings wat hy in 'n toespraak gemaak het, hy is anti-oorlog gesind en daarby ook nog anti-Brits. Op laasgenoemde twee aanklagte het hy skuldig gepleit. Die eerste aanklag het hy egter ontken. Adv Vorster het aangevoer dat die aanhalings in sulke swak Afrikaans opgestel is dat dit onmoontlik deur hom kon gebesig gewees het.

### GEINTERNEER

Hy beland dus in 1942 in die interneringskap waar hy later kampleier van sy makkers word. Hier het hy op die regering se onkoste tot 1944 gebly waarna hy op parool losgelaat is.

In dieselfde jaar is hy na Brakpan waar hy tans weer praktiseer. Met die herlewing van die Afrikanerparty in Transvaal, het hy dadelik 'n leidende rol gespeel en hy is ook later gekies as voorsitter van die Afrikanerparty-tak te Brakpan. Hy is ook lid van die A.P.-hoofbestuur en was hoofsaaklik verantwoordelik vir die organisering van die A.P.-kongres wat onlangs daar gehou is.

**Intussen is hy genader om te staan as A.P.-kandidaat in Brakpan, deur hy beskou word as die sterkste Afrikaner-kandidaat in daardie kiesafdeling teen die Speaker, mnr. Trollip. Sy kandidatuur is ook goedgekeur deur mnr. N. C. Havenga. Verlede week het hy egter verneem dat hy nie deur die H.N.P.-leiding goedgekeur is om as kandidaat te staan nie. Hy sal nou volgens hy aan die pers verklaar het, staan as onafhanklike kandidaat.**

Adv. Vorster spreek vanaand 'n vergadering in Brakpan toe waar hy sy verdere optrede sal verduidelik.

(Vervolg van bl. 2, kol. 5)

# Staan Saam En Red S.A.

ken het vir 'n persoon wat op die verklaring van die balju na, bankrot is. En saam met hierdie bankrot Brittanje sal ons ondergaan.

Dit is tyd dat elke Afrikaner en Engelssprekende wat Suid-Afrika sy vaderland gemaak het, na vore tree en verhoed dat ons gebruik word as borg.

Ek weet van geen ander organisasie wat beter leiding in hierdie opsig kan gee as die Ossewabrandwag, het spr. gesê onder toejuiging.

**Ons moet wegkom van die engheid waartoe ons gekom het deur die eksklusiwiteit van die party-politiek. Dit is nodig dat ons wegkom van die idee om altyd kwaad in die ander te sien. Groter oriëntasie is nodig sodat ons nie UITsluitend, maar INsluitend sal wees, het genl. Van Zyl ten slotte verklaar.**

# Goeie Gehoor Vir K.G. Op Calvinia

Die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, het Dinsdagaand, 16 Maart, 'n openbare vergadering op Calvinia toegespreek. Daar was 'n goeie gehoor.

Nadat kommandant Francois van der Merwe en genl. Jan Steenkamp kortliks die woord gevoer het, het kommandant Tromp Nel, kommandant van die Calviniase kommando, alle O.B.-offisiere gemaan om die bors uit te stoot en te werk. Op maatskaplike gebied, het hy gesê, is die O.B. in die eerste plek geïnteresseerd in bekwaarheid.

Die K.G. het aan die begin van sy toespraak verwys na wêreldtoestande en die feit dat Asië besig is om die mantel van Europese baasskap aan te trek. Spr. het verklaar dat dit die blanke bevolking van Suid-Afrika betaam om hulle geskille in daardie perspektief te sien.

Nadat hy die rol van die O.B. in die oorlog kortliks geskets het, het die K.G. gesê dat die O.B. sy na-oorlogse bestaan regverdig omdat hy die toekomsswangere gedagtes van 'n republiek en 'n partylose gesagstaat dra. Omdat die O.B. geen stemme soek nie, het hy geen verpligtings aan non-republikeine nie en kan hy republikanisme konsekwent verkondig. Die O.B. aanvaar egter die republikeinse gesindheid van sekere partye, soos die A.P. en die H.N.P.

Spr. het voorts getoon hoe die partystelsel ons volk geskeur het. Of die partystelsel goed of kwaad is, daaroor kan geredeneer word, maar dat dit definitief on-Afrikaans is en vreemd aan die Boere-Republieke, is 'n feit. Die tyd het gekom om die vlerke van partytwis te knip. Gelukkig kan partye vergaan. Omdat die beroepsgroepe soos boere, onderwysers, handelaars en nyweraars egter blywend in die volkslewe is, moet partyverteenwoordiging vervang word deur groepsverteenwoordiging.

Verwysende na die huidige party-konstellasie het spr. die uitnodiging van die A.P.-kongres aan die O.B. in Nov. 1946 „die eerste olyftak in sewe jaar" genoem. Binne die partystelsel staan die O.B. verste van die Kommunistiese Party en nouste aan die Afrikanerparty. Deur middel van die A.P. is die O.B. aangeskakel aan die Opposisiestryd. — (Korr.).

(Vervolg van bl. 2, kol. 3)

leier van sy kamerade was. Hy is onbesproke van karakter en uiters bekwaam. **Mnr. Havenga het dr. Malan versoek om sy besluit in heroorweging te neem omdat geen beter kandidaat teen die Speaker gestel kan word nie. Dr. Malan het egter geweier om dit te doen, en probeer dus daarmee om die diskriminasie in sy eie party teen O.B.-lede oor te plant op die party van sy bondgenoot.**

Vanoggend het in die koerante gestaan dat 'n Sap-L.V. na dr. Malan oorgestap het en dat hy met oorweldigende toejuiging en ope arms deur die H.N.P.-leier ontvang is. **Hierdie man het vyf jaar lank die Empire se oorlogspoging gesteun teen adv. John Vorster wat in die kamp gesmyt was. Die Sap word met ope arms in die parlement verwelkom, maar sy slagoffer vir die republiek word selfs as hoofbestuurslid van die bondgenootparty geweier.**

**Indien hierdie besluit nie herroep word nie — en dit is 'n saak tussen die A.P. en H.N.P. — dan kan niemand spr. kwalik neem nie as hy sê dat dit vir hom voorkom of dr. Malan meer besorgd is om O.B.'s uit die parlement te hou as Sappe.**

Die K.G. is spontaan en luid toegejuig deur die gehoor wat onmiddellik hierna op die voete gekom het. 'n Groot aantal buitestaanders, ook die H.N.P.-kandidaat, was teenwoordig.


**BRUIN SWITSERSE BEESTE**
**TEN VOLLE GEREGISTREERD.**

Die **WINTERBERG-STOET** van Geregistreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregistreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

**Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:**

**G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.**

**NOODHULP VIR DUITSLAND**
**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**

**Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.**

**ONS BENODIG DRINGEND:**

- **Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.**
- **Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.**
- **VET.**
- **Biltong of ander onbederfbare eetware.**


STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

**DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)**
**Bloedstraat 164, PRETORIA.** **Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.**

● **VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA.** ●

Dis 'n

KLEINE WONDER



**SEMENT-STEENMAAKMASJIEN**

Bespaar tyd en geld deur die presiese hoeveelheid stene te maak waar U HULLE NODIG HET. Vier arbeiders kan 4,000 welgevormde en volkome reghoekige stene per dag maak. Omdat hulle makliker is om mee te messel en om te pleister, bespaar „KLEINE WONDER" baie arbeid en vervoer. **Prys £20 v.o.s. Hopefield.** Onderstel £10 ekstra maar enige stewige stellasie sal vir die doel geskik wees. Handelsnavrae sal verwelkom word.

**J. H. BUHR** **Voortrekkerstraat, Hopefield. Posbus 18. Telegramme „BUHR"**

(2)

**EXCELSIOR Meubels BPK.**

***Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.***

**MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL**

**Besoek ons te:**

**JOHANNESBURG - - - - Pleinstraat 40**
**PRETORIA - H/v Andries- en Pretoriusstrate**
**KAAPSTAD - - - - - - Pleinstraat 47/49**
**BLOEMFONTEIN - - St. Andrewstraat 123**
**KROONSTAD - - - - - - - Cross-straat 42**
**VEREENIGING - - - - - Marklaan 17C**
**POTCHEFSTROOM - - - - Kerkstraat 108**
**FICKSBURG - - - - - - - - Markplein**

**In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.**



**Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg**
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..........................
Adres ..........................
..........................
..........................
OB

DIE O.B., WOENSDAG, 24 MAART 1948

# So Lyk Dit As Beëlsebul Help

Pres. Harry Truman het sy volk verlede Woensdag opgeroep om voor te berei vir 'n nuwe „vryheidstryd". „Die tyd het aangebreek dat die vrye manne en vroue van die wêreld die dreigement van hul vryheid vierkantig en moedig in die aangesig moet staar," het hy gesê en 'n 'n swart lys van Russiese agressie en obstruksie ontvou. Ons het hier 'n voorbeeld van wat gebeur as mens die duiwel met Beëlsebul probeer uitwerp. Die Geallieerdes het Hitler as 'n duiwel beskou van wie die Duitse volk dan verlos moes word. Om dit te bereik het hulle 'n groter duiwel gaan aanhaak om hul duiwel uit te werp. Maar toe hulle hul doel bereik het, en Hitler nie meer daar was nie, het hulle die volk wat hulle wou verlos in slawekettings geklink met Beëlsebul as erewag oor hulle. Hulle het nog verder gegaan. Hulle het Beëlsebul by die horings ingesleep in hul konferensies wat 'n duisendjarige vrederyk moes teweegbring en hom belaai met finale seggenskap oor hul besluite en dade. Twee jaar lank, so moet pres. Truman nou kla, het hierdie duiwel weens daardie seggenskap of vetoreg nie net die duisendjarige vrede in die pad gestaan nie, maar selfs verhoed dat daar met die Duitse volk ná 'n uitputtende worsteling tot 'n ooreenkoms geraak word — daardie volk wat uit die kloue van 'n ander duiwel dan gered sou wees.

Hulle het die geneentheid van Beëlsebul probeer koop deur hom glimlaggend toe te laat om Estland, Letland en Litoue in te palm saam met 'n stuk van Finland; hulle het hom toegelaat om daardie stuk van Pole wat Beëlsebul in 'n ooreenkoms met die „duiwel" Hitler in 1939 ontvang het, te behou, en daarna het hulle hom nog op die koop toe gegee die res van Pole vir wie se vryheid hulle die vernietigende stryd aangebind het, en hulle het hom een-derde van die Duitse volk wat van die „duiwel Hitler" bevry moes word, op 'n skinkbord aangebied vir slawediens en hom in die Duitse hoofstad laat plaasneem van waaruit hy as „premier Stalin" sy deel sou bydra om die Duitse volk te „demokratiseer". Daarna het hulle hom op hul regbank by Neurenberg laat sit om Duitse leiers na die galg te stuur omdat hulle Pole in 1939 saam met hul regter binnegeval het. Dit alles as beloning vir Beëlsebul se aandeel aan die uitwerping van die duiwel.

Drie jaar lank het hulle toe stilgesit en gewonder hoekom die demokratisering van Pole, Hongarye, Roemenië en Joego-Slawië, wie se „heropvoeding" aan Beëlsebul toevertrou is, so anders lyk as die wat hulle, nou wel nie juis in Duitsland nie, maar darem in hul eie land volg. **En dit terwyl in 1943 'n boek in Moskou uitgegee is op gesag van Josef Stalin waarin die „duiwelse evangelie" se oogmerke klaar en helder opnuut uiteengesit word as synde die omverwerping van die hele kapitalistiese wêreld al moet hulle soms 'n bruggie „terwille van taktiese oorweging na die kapitalistiese lande slaan.**

Churchill, Roosevelt en Smuts het nietemin voortgegaan om aan hul volke te vertel dat „premier" Stalin tot bekering gekom het en selfs nou die kerk in ere herstel het. Enige twyfel daaromtrent is beskou as 'n ondermyning van die oorlogspoging. In die Unie by voorbeeld het dr. Colin Steyn in Januarie 1943 dit nog so uitgedruk:

> „Die aanvalle van fascistiese en half-fascistiese partye op die Kommunistiese Party het slegs een doel — om die regering te verdeel en die oorlogspoging te belemmer."

Verwyte bring ons nie baie ver nie, maar wanneer die huidige regering nog nie sy les uit Europa geleer het nie en nog verkiesingsooreenkomste smee met die kommunistiese elemente in die land soos hy dit tydens die oorlog op internasionale gebied tot wêreldverdriet gedoen het, dan moet die volk gewaarsku word. „Geen gevaar; premier Stalin is 'n kameraad, hoed af vir hom", het dit destyds gelui.

Ons hoor dieselfde taal nou weer uit die mond van genl. Smuts ten opsigte van die binnelandse vyfde kolonne, wie se amptelike propagandablad deur die Spoorweë versprei word, terwyl dieselfde voorreg aan die O.B. geweier word.

# Die Geval Vorster

Dr. Malan het geweier om die kandidatuur van twee hoofbestuurslede van die Afrikanerparty goed te keur op grond van die feit dat hulle ook lede van die O.B. is Op 4 Desember verlede jaar het die dr. Malan op Porterville 'n beroep op O.B.-lede gedoen om vir sy party te stem in die verkiesing:

> „Ons vra O.B.-lede om nie by die verkiesing as lede vir ons te stem nie, **maar as Afrikaners te handel.** Suid-Afrika se toekoms word beslis. Ek wil 'n beroep op alle Afrikaners deur die hele land doen om die erns van die posisie te besef."

So het die leier van die H.N.P. hom by dié geleentheid oor die verkiesing uitgelaat. Hy het ook gesê dat hy

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

geen geveg met die O.B. wil voer nie, maar slegs eis dat O.B.-lede in die Afrikanerparty daardie ooreenkoms uitvoer.

**Dr. Malan beroep hom dus op die ondersteuning van die O.B.-lede op grond van hul Afrikanerskap enersyds en hul lidmaatskap aan die A.P. andersyds. Hierdie twee faktore gee dr. Malan vrymoedigheid om op hul steun te reken.**

Maar van sy kant, wanneer dit nie net by die ontvang-kant van die verhouding is nie, geld albei hierdie faktore vir dr. Malan nie 'n jota nie, **maar word hulle juis weer oorsaak waarom hy sy steun moet weier, of liewer terugtrek. Adv. John Vorster is 'n O.B. — en daarmee 'n goeie Afrikaner op wie se steun mens kan reken omdat hy „as Afrikaner sal handel" — sowel as lid van die Afrikanerparty — en daarmee aan die ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. Havenga gebonde om sy steun te gee.** Maar sonder om te bewys of te probeer vasstel of adv. Vorster hom aan die ooreenkoms gehou het of nie, kom dr. Malan en onttrek sy steun aan die hoofbestuurslid van sy bondgenoot omdat hy 'n O.B. is van wie dr. Malan op grond daarvan verwag dat hy „soos 'n goeie Afrikaner sal handel".

**As die toekoms van Suid-Afrika so donker is dat dr. Malan verwag dat O.B.-lede vir hom moet stem ten spyte van sy vyandskap teen hulle, dat hul Afrikanerskap naamlik 'n verpligting op hulle lê om vir die oomblik te vergeet dat hulle lede van die O.B. is, kan dr. Malan, as verantwoordelike leier, nie ook terwille van die donker toekoms vir 'n oomblik vergeet dat twee kandidate in hoogs twyfelagtige setels O.B.-lede is wat boonop nog deur 'n ooreenkoms binne die A.P. gebonde is om hul goeie trou te gee nie? Het dr. Malan dan nie ook 'n verpligting teenoor die donker toekoms van sy volk nie?**

Met kol. Stallard, die aartsimperialis, verklaar dr. Malan hom in die parlement, bereid om in die verkiesing mee saam te werk. **Met die O.B. op wie se Afrikanerskap dr. Malan 'n beroep doen, wil hy so min saamwerk dat hy nie eens 'n hoofbestuurslid van sy bondgenoot as die beste kandidaat in 'n twyfelagtige setel wil erken nie.**

## In Italië Vandag:

# APRIL-VERKIESING SKEP KRISIS EN GELEENTHEID VIR ROOI MAGSGREEP

## Katolieke Organiseer Geheime Weerstand-Groepe

***Namate die Italiaanse algemene verkiesing, wat aanstaande maand plaasvind — nader, neem die spanning tussen die Kommuniste en anti-Kommunistiese groepe vinnig toe. Bewus van die lot wat Tsjeggo-Slowakye getref het, tref die anti-Kommuniste, onder leiding van die Katolieke, alle voorsorgsmaatreëls om 'n Kommunistiese staatsgreep die hoof te bied. Die Katolieke maak daarop aanspraak dat hulle reeds oor 'n sterk ondergrondse weerstandsbeweging beskik en hard sal terugslaan indien die Kommuniste dit sou waag om tot geweld oor te gee.***

Of hulle in staat sal wees om die Kommuniste in toom te hou indien Moskou 'n staatsgreep, voor of na die verkiesing, gelas, is sterk te betwyfel aangesien die Kommuniste reeds gesorg het dat hulle deeglik in besit is van die sleutelposisies in die vakbonde, ens.

**Dit is duidelik dat die Kommuniste hier, net soos in Tsjeggo-Slowakye, staat maak op die hulp en medewerking van die linkse Sosialiste, om hulle ná die magsgreep op hul beurt weer buite aksie te stel.**

Ongeveer 'n jaar gelede het die Italiaanse Sosialistiese party in twee gesplits. Aan die een kant het die linkse groep hulle onder leiding van Nenni geskaar, terwyl die meer gematigde Saragat die Italiaanse Sosialistiese Werkersparty gevorm het. Sedertdien was dit nooit duidelik watter van die twee die sterkste groepe is nie.

### GETALLE

Saragat, wat adjunk-Eerste minister in De Gasperi se regering is, maak daarop aanspraak dat hy 130,000 lede het. Sy vyande vertel egter dat hy baie oordryf en niks meer as 30,000 ondersteuners het nie.

Henni se linkse Sosialiste, op wie die Kommuniste hul hoop vestig, het, volgens hul jongste kongres wat in Januarie gehou is, 790,000 opbetaalde lede. Sprekers beroem hulle egter daarop dat hulle oor 'n miljoen ondersteuners het.

In die vakbondverkiesings wat verlede jaar plaasgevind het, het dit tewens duidelik geblyk dat die linkse Sosialiste hul teenstanders ver in die skadu stel. Die linkse groep het hulle ook veral ten doel gestel om hul invloed in die vakbonde te laat geld en het sedertdien aansienlike wins behaal. Dit is op hierdie Sosialiste wat die Kommuniste tans staat maak om die verkiesing te wen.

### MOONTLIKHEDE

**Indien die Kommuniste saamwerk met die Sosialiste het hulle hoop om die meerderheid by die verkiesing te behaal en De Gasperi, wat Amerikaanse steun geniet, van sy troon te stoot.** Op die oomblik het die Kommunistiese Party geen verteenwoordiging in die regering nie. Tog is hulle die sterkste Kommunistiese Party in enige land ná Rusland. Volgens Moskouse agente sou hulle 2,200,000 siele tel in vergelyking met die 1,250,000 Kommuniste in Tsjeggo-Slowakye.

Daar kan verwag word dat, indien die Kommuniste nie kans sien om die verkiesing te wen en die Christelike Demokrate uit te druk nie, hulle een of ander taktiek sal uithaal om aan bewind te kom.

### AMERIKA

**Indien dit sou gebeur mag dit aanleiding gee daartoe dat Amerika meer regstreeks sal optree as wat hy tot dusver in Griekeland gedoen het.** Hier was sy hulp pap en onregstreeks sodat die Kommuniste met die medewerking van die Russe reeds die grootste deel van die land ingepalm het. 'n Kommunistiese Italië, wat sy been ver in die Middellandse See uitsteek, is vir Amerika 'n direkte bedreiging van sy belange. Dit is bekend dat Amerika belang stel in die welsyn van Italië en die situasie fyn dophou.

Italië is ook een van die lande wat in aanmerking kom vir die Marshall-hulpplan en dit is sterk te betwyfel of Amerika hierdie hulp sal verleen voordat die verkiesing afgeloop is, aangesien hy nie bereid is om die Kommuniste geldelik te steun nie. **'n Woordvoerder van die Amerikaanse regering het verlede week verklaar dat indien die Kommuniste die verkiesing wen, daar geen sprake meer van Amerikaanse hulp aan Italië sal wees nie.**

### KATOLIEKE AKSIE

Op die oomblik hou De Gasperi se Katolieke party 207 setels in die parlement. Dit is ongeveer 35 persent van die totale 556 lede in die raad. Vir sy bewind is hy afhanklik van die kleiner groepe wat hom steun. Op sigself is De Gasperi se posisie vandag dus baie wankeland.

**Die Katolieke meen egter dat die Kommuniste met hul eie taktiek beveg moet word en maak hulle tans klaar om laasgenoemde aan bande te lê as hulle oorgaan tot geweld. Dwarsdeur Italië word daar tans 'n ondergrondse weerstandsbeweging, wat uit aktiewe selle bestaan, op die been gebring. Hulle word opgelei en bewapen. Dit word gedoen met die goedkeurnig van die geestelikes wat verklaar dat hulle nie eerste sal slaan nie, maar dat hulle geweld met geweld sal smoor. Ook die Pous het hom reeds teen die Kommuniste uitgespreek en duidelik onderstreep dat die Kommuniste in toom gehou moet word.**

### ONDERGRONDS

**Hierdie weerstandsafdelings van die Katolieke tree nie in die openbaar op nie. Hulle beweeg soos 'n skaduwee tussen die menigtes.** Tydens die oproer verlede November in Milaan het 200 jong manne in burgerlike klere dag en nag, met die hand op die heupsak, die Katolieke blad, Italia, beskerm teen Kommunistiese geweld. Hierdie beweging staan bekend as die „A.C."

**Alle nywerheidsentrums en fabrieke word fyn deur hierdie A.C.'s dopgehou en hulle spog daarmee dat daar niks in die kraal van die Kommuniste gebeur waarvan hulle nie weet nie.**

As vereiste om lid te word van hierdie beweging, moet jy fisies geskik wees, getrou aan

(Vervolg op bl. 7, kol. 5)

# GEVANGENES MOET OPGELEI WORD

**Drastiese veranderings in ons regsbedeling word aanbeveel deur die Kommissie oor Straf- en Gevangenishervorming wat die afgelope week bekend gemaak is. Onder meer word geskikte vorme van onderwys vir alle gevangenes en hul opleiding in die landbou en ander beroepe bepleit sodat hulle hul beter kan aanpas in die samelewing.**

Die kommissie meen dat die doodstraf nog nie afgeskaf moet word nie omdat die openbare mening nie daarvoor ryp is nie. 'n Derde soort hof tussen die magistraats- en Hooggeregshof, wat swaarder strawwe as eersgenoemde kan oplê, word ook bepleit. Die kats behoort afgeskaf, en die rotting minder gebruik te word. Ook is die kommissie ten gunste dat skraal kos en eensame opsluiting minder gebruik moet word, terwyl die voorskrifte van die wet beter aan die publiek bekend gemaak moet word.

Die juriestelsel moet nie afgeskaf word nie, maar die beskuldigde behoort in die algemeen sonder 'n jurie verhoor te word behalwe as hy dit verlang. Verder moet koerante verbied word om berigte te plaas van die voorlopige verhoor in moord- en verkragtingsake omdat sensasieberigte die jurie mag beïnvloed.

# Braaivleis Op Brackenfel

Die Bellvillese kommando hou op Saterdag, 3 April, 'n braaivleisaand op die plaas van mnr. Sareltjie Maree van Brackenfel. Die verrigtinge begin om 4.30 nm. wanneer vleis en ander lekkernye verkoop sal word. In die aand sal 'n spreker optree, wat later bekend gemaak sal word.

Almal is welkom en lede word versoek om soveel vriende as moontlik saam te bring.

*„Mej. Suid-Afrika"*

# Ander Maatstawwe Het Vir Vrou Van S.A. Gegeld

**Net so pas het die kompetisie om 'n wolkoningin vir Suid-Afrika te kies, sy hoogtepunt bereik met die kroningsplegtigheid wat plaasgevind het in die Johannesburgse stadsaal, in aanwesigheid van talle belangstellendes. Die eerste minister, veldmaarskalk J. C. Smuts, het die kroon geplaas op die hoof van die suksesvolle mededingster.**

Dit is vér van ons om die eer en goeie naam van die dame wat uiteindelik die titel „Mej. Suid-Afrika" verwerf het, in ongunstige lig te probeer plaas. Dit is ons hoegenaamd nie om haar persoon te doen nie. Ons wil ons net ernstig afvra wat die standpunt van elke reggeaarde Afrikaner in verband met die hele kompetisie as sodanig moet wees. En dan wil ons al dadelik beweer dat hierdie gebeurtenis ons andermaal daarvan oortuig het dat ons twintigste eeuse wêreld verkeer in 'n staat van geestelike bedwelming. Die vermoë om waardes suiwer te beoordeel, het verlore gegaan, tot 'n hoë mate ook by ons eie volk. Ons bekyk sake, in geestelike sin, met dronkmans-oë. 'n Dronk man keer nie net alles onderstebo nie, maar hy sien ook alles onderstebo.

Dat ook ons eie mense deur entoesiasme vir die genoemde kompetisie openbaar het dat ons nie meer 'n suiwere besef het van waardes nie, staan vaster as die berge. Afrikaners, wie se

— — — — — Deur — — — — —

**Ds. P. J. COETZEE,**

— — — — Kaapstad — — — —

name staan op die rolle van ons Afrikaanse kerke met hulle Gereformeerde belydenis, het by honderdtalle toegestroom om die kompetisies by te woon. Hierby kom nog die teleurstellende feit dat die Afrikaanse pers vir die grootste gedeelte uit sy pad gegaan het om publisiteit aan hierdie saak te gee, selfs deur voorbladportrette en nuusberigte, sonder om in die minste blyke te gee dat hulle die afkeurenswaardige van hierdie hele saak insien.

**DIE BESWARE**

Wat is dan presies ons besware teen die wolkoningin-kompetisie? Dit lyk op die oog tog of dit geheel-en-al daarop bereken is om die belange van die wolnywerheid te bevorder. **Ons wil beweer dat hierdie lofwaardige element bederwe en opgeslurp raak deur die hele onbybelse inhoud wat aan die saak gegee is.** Die atmosfeer waarin die kompetisies veelal van stapel geloop het, behoort elke Afrikaner wat in hierdie bedwelmde wêreld nog gesonde perspektief behou het, te walg en met diepe afkeur te vervul. Dit is hoegenaamd nie slegs 'n kwessie van die belange van die wolnywerheid te bevorder nie. Daarby kom dat die dame wat die mooiste van aansien is, gesoek word. En met watter maatstawwe? Op 'n sekere plek het, volgens persberig, die kompeteerders eers in aandtabberds verskyn, en 45 minute later in swempakke. Daar was 'n dawerende toejuiging van die kant van die joelende skare wat hulle gretige blik aan die half- of driekwart naakte vrouefigure probeer versadig het. Die mens is in sy sonde besig om te verdierlik. In Openbaring lees ons dan ook dat die dier se wond aan die einde van die eeue weer sal genees. Hierdie persone speel dieselfde rol as diere op 'n tentoonstelling. Nie alleen hulle gewig en hulle ouderdom nie, maar ook verskillende afmetinge van hulle liggame word wêreldkundig gemaak. Die privaatheid van die vroulike lewe is daarmee die kop ingeslaan. Die selfrespek is weg, en die vrou laat toe dat wat moes behoort het tot die gebied van haar streng persoonlike lewe, voor die publieke oog uitgestal word, ten einde die sinnelike hartstogte te voed en die diens van die vlees in die hand te werk.

**VOOR SONDVLOED**

Onse Here Jesus Christus het dit voorsê dat die tyd van die voleinding in sy grondtrekke weer sal wees soos in die dae voor die sondvloed. In daardie tyd het Lameg, die nasaat van Kain, twee vrouens en 'n dogter gehad wie se name vir ons die hele toedrag van sake met betrekking tot die lewe van die vrou in haar verloopte, ontaarde gedaante, raak teken. Sy vrouens se name was Ada en Silla, wat onderskeidelik beteken „om jou (sinnelik) mooi te maak," en „skaduwee" (ter aanduiding van iemand wie se lewe nie die daglig verdra, en ook nie die daglig in die oë kan kyk nie). Die dogter se naam was Naëma, wat beteken „skoonheid," en dan veral sinnelike „skoonheid. Hulle bestaan het dus gedien om te werk op die ongebreidelde hartstog van die man. In ons wêreld, wat geestelik dronk is, verloop die rol van die vrou tot 'n mate weer ná daardie uiterste. Dit is 'n teken van die tyd. Ons kry te doen met 'n soort van mensverheerliking. Die voortreflike kwaliteite van die „koningin" word hoog opgedra. Dit word beskrywe as „eenvoudig verbasend." Die saak neem selfs 'n rituele kleur aan, want daar moet 'n belofte afgelê word nadat dit eers voorgelees is.

**ANDER KWALITEITE**

Ons kan onmoontlik hierdie „wolkoningin"-gedoente as Afrikaners, wat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing huldig, goedkeur. Die hele atmosfeer van danspartye wat soms daarmee gepaard gegaan het, en die prikkeling van die vleeslik-sinnelike deur die vrou se liggaamlike hoedanighede voorwerp te maak van publieke demonstrasie, is absoluut weersinwekkend. Met die opskrif hierbo wil ons geen refleksie maak op die persoon van die reeds gekroonde wolkoningin nie. **Ons wil daarmee net vra of die ideale dogter van ons volk in sodanige atmosfeer gesoek moet word. Is ons nie besig om ook as Afrikaners, deur ons ophemeling en ondersteuning van sulke kompetisies, 'n verkeerde besef van waardes te openbaar, en dinge ook met dronkmans-oë te beskou nie? In ons geskiedenis het die Afrikaanse volksmoeder en dogter tog op grond van heeltemal ander kwaliteite 'n magtige rol gespeel.** Sommige van hulle het miskien gladnie in die eerste plek beskik oor voortreflike uiterlike skoonheid nie, maar dit is tog nie die vernaamste nie. Dit is ook nie blywend van aard nie. Hiermee word nie die plig van die vrou verbygesien om haar liggaam as 'n tempel van die Heilige Gees te versorg nie.

**BEDROG**

Salomo sê dat die bevalligheid bedrog is, en die skoonheid nietigheid. 'n Vrou wat die Here vrees, sy moet geprys word. Ons moet die hoogste waardering koester, nie vir vroue wat hulle in swemklere op 'n publieke verhoog gaan tentoonstel nie, maar vir 'n kuise en rein hart, en 'n ongerepte sedelike lewe. Ons stoere moeders en dogters, wat in die stryd van die verlede groot dinge in die geskiedenis teweeg help bring het, se groot aanloklikheid het, om die woorde van die apostel Petrus te gebruik, nie bestaan in haarvlegtery, in die omhang van goud en die aantrek van klere nie, maar in die verborge mens van die hart, in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees wat baie kosbaar is voor God. Laat ons weer soek na sulke „Mejj. Suid-Afrika," en hulle waardeer. Dan sal ons volk ongetwyfeld ook nog 'n daeraad hê. „Bewaar die beste wat ons nasie het — die vrou."

# Immigrante Wat Besighede Koop

„Hou Koers", Kaapstad, skryf:

Ek lees in Die O.B. dat immigrante sulke fantastiese bedrae gebruik om besighede van Afrikaners op te koop. Ek het ook 'n besigheidjie in die stad wat ek met moeite opgebou het en vandag nog sukkel om op 'n gesonde peil te bring. Ook ek kan vandag 'n fabelagtige bedrag daarvoor kry as ek wil verkoop, maar wat baat dit my en my volk? Die Afrikaner het met groot inspanning sover gekom dat hy vandag 'n plekkie in die handel begin inneem tussen al die vreemdelinge wat meestal van oorsee hier ingekom het. Waarom moet ons nou terwille van baie, dog goedkoop geld daardie verowerde plekke weer onder ons laat uitkoop? Dan staan ons maar net waar ons tien of vyftien jaar gelede was toe 'n dr. Kestell 'n beroep op sy volk moes doen. As eienaar van 'n besigheid wat ek hoop nog geleidelik sal uitbrei, is ek 'n werkgewer in 'n stad waarheen steeds meer van my volk na toe stroom om werk. Ek kan dus my eie bloed aan werk help, al is dit voorlopig nog op klein skaal. As ek nou aan 'n immigrant verkoop, dan word hy die werkgewer en my bloed moet maar weer vir vreemdes werk soos voorheen. Wat het ons dan gewen? Moet ons terwille van 'n paar honderd of duisend goedkoop ponde alles oorboord gooi waarvoor ons volk geveg het? As elke volkslid nie sy plig doen nie en maar terugstaan vir die vreemdeling, hoe sal ons volk ooit vooruit kom in sy stryd teen vreemde kapitaal? As my winkel vir die immigrant soveel duisend pond werd is, wel dan is hy dit ook vir my werd.

# Rekord In Bottervet

'n Drie-jarige Guernsey-koei het 'n nuwe wêreldrekord vir die produksie van bottervet opgestel. 'n Koei met die naam van Rosie het binne 365 dae 994 pond bottervet gelewer.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# „Ek Is Klaar"

**„Nie-O.B.-kieser," Goodwood, skryf:**

Ek is klaar met Die Burger en die Nasionale Pers! Ek is klaar met die uitbuiting van ons volksverlede op ons volksfeeste. Ek is klaar met die gekerm oor volkseenheid. Ek is klaar met al die mooipraatjies van geliefdes en volksleiers. As gebore Republikein is ek nog nie klaar met my volk en die Empire nie.

Voorts is ek klaar met al die jakkalse en geldwolwe. Ek is klaar met „British-Israel"-advertensies. Ek is klaar met misleidende diktator-ooreenkomste en die geheimsinnige knoeiery. Ek is klaar met die stemvangery as die hoogste idealisme. En hoor hier, „Dawie," ek is klaar met jou volksvertering. Vir baie lank het jy gehelp om verwarring te skep, en soos ek dit sien, gehelp om vir Jan Smuts en Kie. weer na die verkiesing beheer oor my te laat voer. Dawie, ek vergewe jou dit, maar luister hier: „Your ideals are sound, but your methods are wrong." Verruil jou kruit vir salf om die wonde van volksverdeling wat jy help slaan het, nie te heel nie (jy kan nie, Dawie) maar tog te versag.

Dr. Malan — en u? Ek het u eens op 'n tyd op my skouers help dra, maar in die hoogste vereiste wat aan u as „volksleier" gestel kan word, nl. om die volk bymekaar te hou, daarin het u doelbewus gefaal.

# Kweek 'n Meer-Jarige Koring

Die Potchefstroomse Landboukollege het die afgelope tyd belowende vordering gemaak met die kweking van 'n meerjarige koringgewas. Die proses is sowat vyf jaar gelede begin en die wetenskaplikes is heeltemal tevrede met die sukses wat hulle tot dusver behaal het. Twee gewasse is gekruis. Dit sal egter nog lank neem voordat die proefnemings afgerond is.

# Opvoeding Van Naturelle

**Mnr. P. C. Kruger, P.K. Stofberg, Middelburg (Tvl.), skryf:**

Ek het mnr. J. J. Swart se brief (Die O.B., 3 Maart) met belangstelling gelees. Hy gee die mense wat die kleurvraagstuk op die verkeerde manier wil oplos, baie om oor na te dink. Ek wil my by hom aansluit.

Soos bekend was Suid-Afrika oorspronklik onbewoon. In die paradys is die mens beveel om die aarde te vul. Dien ten gevolge het daar ook mense in Suid-Afrika gekom. Dit was hoofsaaklik twee kleure en vandat hulle ontmoet het, was daar 'n bloedbotsing. Die twee rasse het dadelik besef dat hulle as twee groepe nooit saam sal kan leef nie. Die blanke het toe vir hom 'n stuk land geneem terwyl die nie-blanke vir hom 'n ander gebied toegeëien het.

Die blanke het dadelik begin met die ontwikkeling van sy gebied, en waar staan hy vandag? Sien ons die ontwikkeling in die gebied van die nie-blanke ook? Waar en wanneer het die nie-blanke ooit bygedra tot die opvoeding van die nie-blanke? Is die naturel gewillig om by te dra tot sy ontwikkeling? Gaan maar na en u sal vind dat die blanke hom sy sendeling gegee, sy skool en sy kerk vir hom gebou het.

Met ander woorde, sy hele administrasie en opvoeding word gedoen deur die blanke. As hulself nie iets wil spandeer nie waarom moet ons blankes ons dan moeg maak daaroor? Dit is nou al meer as honderd jaar wat die blanke hom bekommerd oor die opvoeding van die Bantoe en nou skyn dit asof die opvoeding totaal misluk het want die Bantoe het nou oorlog aan sy opvoeder verklaar. Die koerante is daagliks vol hoe hierdie leerlinge hul opvoeder aanrand en vermoor. Is dit nou die dank wat ons kry vir al ons moeite, geld en tyd? Wie het ons opgevoed en waarom moet ons hom nou uit ons sak opvoed?

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

### BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.**—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens.** vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UISAAD. — Vars en Goewerments-gesertifiseerd.** Australiese Bruin 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb., Silver King 8/- per lb. — KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 18/2/7

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS.** — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die **S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit** vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon. BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

**SOUT** om te lewer uit voorraad op aanvraag van pryse.— S. J. DE BEER, Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 24/3/TK

### TE KOOP AANGEBIED

**BRANDHOUT.** — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissima-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

**JAGHONDE.** — Kom Boere en bosbokjagters, hier is hulle. Jakkalshonde, Foxhound x Terrier-hondjies. Een week oud en kan oor 'n maand afgelewer word. Prys £1/10/- vir reuns. Ouers 'n plesier om te sien wanneer hulle in aksie is, vang enige jakkals of rooikat. — J. J. BEYLEVELD, Tweefontein, P.K. Ryno. 24/3/2

**KAMPMAATS! — Aandag! —** „Die Swarthand" bied aan: hooggeteelde dag-oud Australorp-kuikens, £6/7/6 per 100. Mei tot Oktober-aflewering. Bevrediging gewaarborg. SAREL PRETORIUS, Rosarun, Pos Bloemfontein. 3/3/4B

**SPEELSKEIE.** — Bottelvormig teen 3/9 per paar. Kopskeie 4/6, Agtkantige 5/- per paar onderskeidelik. **Donkieswingels** teen 5/- en **muilswingels** 5/6 een trek. K.M.B. — KOOS BOTHA, P.S. Serpentine, George. 3/3/9

**Ko-operatieve Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt.**

(Geregistreer kragtens die Wet op Ko-operatiewe Verenigings, 1939)

### Vakature vir Elektrisiën

Aansoeke gemerk **„Elektrisiën"** word ingewag en sal ontvang word deur die ondergetekende tot en met 5 April 1948, om die betrekking van elektrisiën in die elektrisiteitsafdeling van die K.W.V. te Robertson. Salarisskaal: £360 x £15 — £480 p.j. Aanvangsalaris volgens kwalifikasies. **Kwalifikasies:** Applikante moet gekwalifiseerde gelisensieerde vakmanne in die elektrisiteitsingenieursbedryf wees met ondervinding van die onderhou van elektriese toerusting in die stelsel wisselstroom en gelykstroom.

Salaris volgens kwalifikasies en ondervinding. 'n Gesondheidsertifikaat is 'n vereiste. Daar is 'n pensioenskema vir die personeel.

SEKRETARIS.

K.W.V., Posbus 528,
ZUIDER PAARL.

**PLUIMVEE**

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE**

**(Edms.) Bpk**

**MÔREMARK (Posbus 7185) Newton**

**A.V.B.O.B.**

**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**

**Bloemfontein — Pretoria**
**130 Takke**

**Te Laat vir Klassifikasie.**

**TE KOOP AANGEBIED.**

**DRINK- EN KOSBAKKE VIR PLUIMVEE. — Goeie Nuus, Brandwagte!** Vir lewenslange gebruik. Maklik skoongemaak. Drink- en kosbakke vir hoenders, varke en honde. Gemaak van bus- en trok-gomlastiekbande. Ekstra groot 12/6, groot 10/-. Soutlek, stoepblomplante en vroeë groentesaadplantjies, 7/6. Spoorvrag gering. — D. C. VAN DER WALT, Possak X54, BLOEMFONTEIN. 24/3/4B


# BRING DIE VAKANSIE HIER DEUR

## Coopersdal-Laertrek

**Gebied F nooi u hartlik uit na die vakansielaer van 6 tot 13 Julie 1948 op Coopersdal.**

**Die winterklimaat in die Oos-Transvaalse Laeveld is ideaal vir kampering in die oop lug gedurende Juliemaand. Vrugte en groente is volop. Die dae is heerlik en daar is geen reën wat ongerief kan veroorsaak nie.**

Soek u 'n aangename vakansie-oord vir Julie 1948? Kom dan na Oos-Transvaal. Besoek die Krugerwildtuin of gaan maak kennis met Lourenco Marques en **reël dit met gemak sodat u ook die Laertrek bywoon te Coopersdal** reg op u pad.

Die laer sal as volg ingedeel word:

(a) Mans en Boereseuns.

(b) Vroue en Boeredogters.

(c) Gesinslaer. Waar die gesin graag saam wil bly, word so gereël dat gesinne apart saam getrek word.

**BENODIGDHEDE**

Tente. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.

Lanterns moet gebring word. O.B.- en F.A.K.-sangbundels. Bybel, Psalm- en Gesangboek. Skryfbenodigdhede en aantekeningboek. 4 Komberse. Kampbed of matras. Hoed of helmet. Skeergereedskap. Ekstra paar skoene. Jas. Stoel. Wasbare klere. Tandeborsel. Emmertjie, skottel en spieël. 2 Handdoeke. Seep. Skoenwaks en borsel.

**LAERFOOI**


(a) Elke volwasse persoon wat die laer bywoon moet by sy/haar aankoms die bedrag van £1 10s. aan laerfooi betaal. Waar die man en vrou die laer bywoon is die laerfooi £1 elk.

(b) Offisiere en lede van die Boerejeug betaal £1 aan laerfooi. Waar drie broers en susters die laer bywoon is die fooi as volg: 15/- elk vir die eerste twee en 10/- vir die derde een. As daar meer as drie kinders van een gesin kom, betaal elkeen van die kinders wat kom 10/- elk. Jeugoffisiere moet onmiddellik begin met die insameling van fondse vir die reis- en verblyfkoste van jeuglede.

(c) Boerejeugoffisiere en lede wat nie die laerfooie kan betaal nie, is baie welkom om die laertrek by te woon. Moet nie dat die laerfooi u weghou nie.

(d) As die hele gesin kom, is die laerfooi as volg: Ouers £1 elk en 10/- vir elke kind bo ses jaar.

Alle lede van die Ossewabrandwag wat die laer wil bywoon moet asseblief vroegtydig in verbinding tree met die Stafhoof, Gebied F. Posbus 1230, Pretoria. Doen dit gou; u sal nie spyt wees nie.




## Verdrag Om Mekaar Te Help

**'n Verdrag wat vyftig jaar lank van krag sal wees, is verlede Woensdag in Brussels deur België, Luxemburg, Nederland, Brittanje en Frankryk onderteken. Dit bevat bepalings vir ekonomiese en militêre hulp in tyd van oorlog.**

## BROSJURE OOR SMUTS

Van die pen van mnr. Johan Schoeman, P.K. Broederstroom, dist. Pretoria, het daar 'n brosjure in Engels, „Warning and Smuts Damns British Imperialism" verskyn.

In die eerste deel behandel die skrywer die nood van Duitsland. As gevolg van Britse oprede word Duitsland ondergehou en word hy die prooi van Stalinisme. Hy pleit dat Duitsland, die hart van Europa, weer op die been gebring en uit die kloue van Stalin gered word.

Die tweede deel van die brosjure word gewy aan uitlatings van veldm. Smuts oor Britse imperialisme in Suid-Afrika na aanleiding van aanhalings uit 'n Eeu van Onreg. Die skrywer toon aan dat daardie imperialisme wat veldm. Smuts in 1902 verdoem het, nog dieselfde imperialisme is met sy skadelike invloede vir Suid-Afrika.

Die brosjure kan van die skrywer bestel word teen 2s. 6d. vir 3 brosjures.

## 87 Jaar Oud en Nog Altyd Reg

'n Persoon wat hom daarop beroem dat hy nooit een skoot mis geskiet het tydens die Engelse oorlog nie, is mnr. Langeveldt, een van die oudste lede van die O.B. aan die Rand. Hy is reeds 87 jaar oud en moes verlede Desember toe die politieke speurders so bedrywig was op die spore van O.B.-leiers, ook onder hulle ondervraging deurloop. Hy is daarvan beskuldig dat hy na êrens in die buitewêreld sou uitsaai.

Mnr. Langeveldt, wat op 2 Maart 1896 in Johannesburg aangekom het, verklaar dat hy gelukkig was om nog altyd die regte kant te kies. Gedurende die Engelse Oorlog het hy die kant van die Boere gekies en het altyd seker gemaak van sy skoot. Vanaf die stigting van die O.B. is hy nog altyd lid en hy begeer om nog lank te kan veg vir die Boeresaak. — (Korr.)



**Brandwag Langeveldt**

## ROOIES VORDER IN SJINA

**Te oordeel na berigte uit Sjina, is die Sjinese Kommunistiese leërs, bygestaan deur Russiese deskundiges en outomatiese wapens, vinnig besig om die Nasionale leërs (anti-Kommuniste) van die een vesting na die ander te verdryf en met elke voorwaartse stap die Kommunistiese ideologie voort te plant. Sonder die ingryping van 'n buitelandse moondheid is dit sterk te betwyfel of hierdie grondgebied wat deur die Kommuniste verower word, ooit weer van die juk bevry sal word.**

In die provinsie Sjantoeng het die Kommuniste hul leërs vorentoe gestoot en die oorhand gekry oor die verdedigers van Sjowtsoean — 60 myl ten ooste van die hoofstad, Tsinan. Manstjoerye is feitlik nou skoon gevee van anti-Kommuniste en dit gee die Kommunistiese leërs kans om hul aandag ten volle op verdere uitbreiding toe te spits.

Berigte dui daarop dat die Kommuniste op feitlik elke front vordering maak, hoewel die Nasionaliste daarop aanspraak maak dat hulle die Kommuniste swaar verliese toedien.

Intussen het Amerika groot hoeveelhede wapens aan die Nasionaliste verskaf.

# Plan vir Uitbuiting van Afrika Deur Brittanje Kom in Werking

**Die herowering van Afrika en die herlewing van die Britse imperialistiese dryfkrag word tans algemeen in verskeie Britse politieke en ekonomiese kringe aanvaar as die enigste oplossing vir Brittanje se ekonomiese krisis. 'n Memorandum wat 'n skema in dié verband bevat, is reeds in Augustus verlede jaar aan vooraanstaande persone in die betrokke lande gesirkuleer met die oog op 'n basis vir latere samesprekings tussen die lande, onder leiding van Brittanje. Die bron wat vir die memorandum verantwoordelik was, is nie bekend gemaak nie.**

**Intussen het sir Oswald Mosley, leier van die Britse „Union Movement" ook reeds publikasies laat verskyn waarin 'n Afrika-plan as oplossing aangebied word.**

**Die Britse regering self het hierdie planne blykbaar noukeurig gestudeer en besluit om dit uit te voer. Een van die belangrikste stappe in die verband was die reis van betaalmeester H. A. Marquand deur Afrika — toe hy ook die Unie 'n paar weke gelede besoek het — met die doel om vas te stel watter ontwikkelingsplanne voorrang moet geniet, en hoe vinnig die rykdomme van Afrika getap kan word.**

**Daar skyn twee rigtings te wees. Die een, wat op die oomblik deur die Britse regering gevolg word, is om die rykdomme soveel moontlik in belang van Brittanje self uit te buit met hoogstens medewerking van Europese koloniale moondhede waar dit nodig is.** Die ander rigting meen dat nòg Brittanje nòg Europa geldelik in staat is om die Afrikaanse rykdomme vinnig en deeglik genoeg te ontgin, en dat Amerika se hulp ingeroep moet word deur die stigting van 'n reuse-maatskappy met 'n minimum kapitaal van £5,000 miljoen. **Die doel sal wees om „winste te maak — groot aanswellende winste," aldus die plan.**

### AMERIKAANSE NEGERS

**Ten einde Amerika se geneentheid vir die skema te wen, word aan die hand gedoen dat laasgenoemde mettertyd sy neger-bevolking na Afrika kan oorplaas. Op die oomblik kan dit nie geskied nie weens die onontwikkelde toestand van Afrika.**

Dat die Britse regering nie baie gretig is om Amerikaanse mede-seggingskap te aanvaar nie, spreek vanself, en die feit dat daar kort gelede sprake was dat Brittanje sy „Marshall-hulp" sal aanwend vir die ontwikkeling van sy Ryk, kan in verband met hierdie planne gelees word as 'n aanduiding dat Engeland eers alleen sy geluk gaan waag. Indien die Marshall-plan nog tekort skiet kan Amerikaanse vennootskap as 'n derde hulpplan aangevra word.

### RHODESIË

Hoewel Suid-Afrika by die plan ingesluit is, veral weens sy strategiese posisie — want die plan hou ook rekening met strategiese en politieke moontlikhede — wil dit voorkom of Rhodesië die middelpunt van die onderneming sal wees, nie net weens sy sentrale ligging nie, maar veral weens sy ondergeskiktheid aan Engeland.

Die Unie moet eintlik nog eers beveilig word deur Britse immigrasie, en dit sal 'n paar jaar neem voordat hierdie waarborg sekerheid kan gee. Intussen word alle gewig agter Suid-Rhodesië ingewerp om sy rykdomme ten bate van Brittanje te ontgin.

Dit hou in sowel die lewering van roustowwe en voedsel aan die moederland as die ontwikkeling van eie nywerhede omdat besef word dat Brittanje in elk geval nie meer sy 48 miljoen bevolking kan dra nie, en dat 'n groot verskuiwing na die kolonies moet plaasvind.

### TWEEDE BRITTANJE

**Die ideaal is dus eintlik om van Rhodesië 'n soort tweede Brittanje te maak van waaruit die Ryk verder herbou en herower kan word. Gehoop word om later, indien Rhodesië sterk is, tot 'n federasie met die Unie oor te gaan.**

Dat Brittanje in hierdie onderneming selfs daaraan dink om die Unie as 'n mededinger te behandel indien sy verowering deur middel van immigrasie nie slaag nie, kan reeds afgelei word van die instruksies van die Britse regering aan sy Afrikaanse „kolonies om Unie goedere te boikot. Nogtans word 'n deel van die Britse kapitaal na Suid-Afrika aangemoedig, hoofsaaklik met die doel om werkgeleentheid te verskaf aan die immigrante waarop Brittanje reken vir sy herowering van die Unie.

### WAT BEOOG WORD

Die ekonomiese plan vir Afrika maak voorsiening hoofsaaklik vir die volgende dinge: die aanlê van paaie, spoorweë, kanale en vliegvelde; die ontwikkeling van goud- en steenkoolvelde en landbou; die bou van dorpe en stede en veral die herwinning van woestyne. 'n Belangrike aspek is die opheffing van die inboorlinge ten einde nuwe markte vir Britse uitvoerware te skep.

In verband met die ontginning van steenkool word daar by voorbeeld verwys na die feit dat steenkoolmyne in Rhodesië teen 'n fraksie van die koste van Europese en Amerikaanse myne kan produseer. „Selfs na vervoer kan dit nog teen die helfte van die prys van steenkool uit Britse myne verkoop word. Die Wankie Collories in Suid-Rhodesië alleen het vier biljoen ton hoë-graadse steenkool onder die grond. Dit is genoeg om in al Brittanje se behoeftes vir vyftien jaar lank te voorsien."

### AAN DIE WERK

Dat hierdie planne reeds meer as praatjies is, blyk uit die feit dat etlike ondernemings privaat en andersins reeds aan die gang is met die ontwikkeling van Britse kolonies in Afrika. Die grootste hiervan is die Colonial Development Corporation met 'n kapitaal van £100,000,000 en met 'n bestuurder, lord Trefgarne, deur die Britse regering aangewys.

**Uit Salisbury word berig dat „verskeie Britse maatskappye met groot kapitaalbronne padvervoer, bouery, waterskemas, landbouontwikkeling en ingenieurswerke in die twee Rhodesiës onderneem."**

### VIR IMMIGRANTE

Die Cawder Irrigation Company gaan hom toelê op die bestryding van grondverspoeling, terwyl die Central African Land and Development Corporation ten doel het om grond vir Britse immigrante in Suidelike Afrika op te koop ten einde die „Britse beskawing" oor te plant. Baie van hierdie geld is afkomstig uit die verkoop van die Britse spoorweg in Argentinië.

In die memorandum waarna hierbo verwys is, word onder meer ook verklaar: **„Strategies is die Afrikaanse kontinent van die grootste belang. Dit is nie te veel gesê om te beweer dat in geval van oorlog die Angelsaksiese stelsel nie verdedig kan word sonder 'n hoogs ontwikkelde Afrika nie. Buite en behalwe die ekonomiese en strategiese voordele is daar nog politieke voordele ook."**

Ten slotte word verklaar dat die plan — waarby Amerikaanse hulp ingesluit is— Brittanje binne vyf jaar „ontsaglike voorspoed" kan besorg.

---

## Moonthede Moet Hul Bronne Poel

**Na berig word sal Engeland ten gevolge van die konferensie verlede week in Parys tussen die sestien Europese lande wat hulp van Amerika sal ontvang, moet inwillig om sy oorsese bronne met ander koloniale moondhede in Afrika te deel. Een van die voorwaardes vir Amerikaanse hulp onder die Marshall-plan is dat die sestien lande blyke moet gee van hul bereidheid om op eie bene te staan. Die enigste doeltreffende demonstrasie van eie hulp sal wees as hierdie lande gesamentlik optree vir die ontginning van hul koloniale rykdomme. Bevin het glo reeds die dominiums in dier voege kennis gegee.**

**Die berig voeg daaraan toe dat indien hieraan uitvoering gegee word, die Britse koloniale ontwikkelingskema van £100 miljoen klein sal vergelyk met die gesamentlike bedrag wat aangewend sal word.**

---

## Sonder Wet Sou L.V's Hul Salarisse Moes Inboet

**Ten einde die baie lede van die Volksraad wat hierdie sitting maar min in die raad gesien is, te vrywaar van die boete wat hulle sal moet betaal weens hulle afwesigheid, het die Volksraad 'n wet aangeneem (Wet op Lede van die Volksraad) wat hulle sal vrystel van die boete.**

**Die huidige sitting word beskou as 'n spesiale en noudat genl. Smuts die begroting uitgestel het, met die gevolg dat lede wat die sitting nie bywoon nie, £6 boete per dag moet betaal. Die politieke korrespondent van die Cape Argus verklaar dat indien die wetsontwerp nie sou aangeneem word nie, baie lede weinig van hul salarisse sal sien, aangesien alles aan boete betaal sal moet word. Hulle is naamlik onverhoeds gevang deur die late aankondiging van die Eerste Minister dat dit 'n spesiale sitting is.**

---

## Nelspruit Se Vryheidsvlam

Amajuba-fees is op 28 Februarie weereens deur die Ossewabrandwag van die Laeveld gevier en wel op die gasvrye plaas van oom Louis de Villiers, digby Nelspruit.

Nadat genl. Wiid 'n hartlike woord van welkom aan die aanwesiges gerig het, het genl. Kritzinger die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen. Vlaghysing is toe waargeneem deur wag-kommandant O. van Oostrum.

Die opkoms was groot en gesellig en die hele organisasie soos gewoonlik flink. Vroue-offisiere en minderes het talle smaaklike geregte aangebied en die knap optrede van alle helpers het die byeenkoms vir sowel O.B. as buitestaander 'n genotvolle dag gemaak.

Die hoogtepunt in die verrigtinge was die toespraak deur adv. John Vorster, wat besadigd en beredeneerd sy volksgenote tot strewe en opoffering besiel het.

Die aansteek van die Vryheidsvuur was 'n oomblik van ontroering en elkeen het die terrein verlaat met nuwe besieling.

---

## DERTIEN BRITSE MAATSKAPPYE IN SES MAANDE

**Vyftien buitelandse maatskappye met 'n nominale kapitaal van £13,000,000 is in die laaste ses maande van verlede jaar in die Unie geregistreer. Dertien van hierdie maatskappye was Britse, een 'n Franse en die ander een 'n Amerikaanse, volgens die kantoor van die Registrateur van Maatskappye.**

**Dit is die grootste hoeveelheid kapitaal wat nog ooit in so'n kort periode na die Unie gevloei het.**

Gedurende dieselfde periode verlede jaar, is slegs vier buitelandse maatskappye in Suid-Afrika geregistreer wat daarop dui dat die buitelandse belangstelling in die Unie vinnig aan die toeneem is.

---

## Vlugkapitaal So Bietjie Gekeer

Nadat daar van alle kante protes aangeteken is teen die groot hoeveelhede vlugkapitaal wat vanuit Brittanje na die Unie stroom, is daar eindelik beperkings op die vrye stroom van die kapitaal gelê. Voortaan sal Suid-Afrikaanse banke in Londen, in opdrag van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Suid-Afrikaanse geld slegs vir goedgekeurde doeleindes verkoop.

Daar is egter nog 'n skuiwergat waardeur hierdie kapitaal na die Unie kan vloei: die aankoop van aandele en effekte in Suid-Afrika mag nog deurgaan. Niks verhinder beleggers om die aandele weer te verkoop en die geld vir ander doeleindes in die Unie te belê nie.

---

## Kommuniste Stel Kandidate

Met die aanstaande algemene verkiesing sal twee Kommunistiese setels in Kaapland betwis. S. Kahn, 'n Kaapstadse stadsraadslid sal kragtens die Naturelleverteenwoordigende Wet die setel Wes-Kaapland betwis, aangesien die huidige lid, mnr. D. Molteno, nie weer sal staan nie.

In die kiesafdeling Kaapse Vlakte, sal F. Carneson, sekretaris van die Kommunistiese Party in Kaapstad, hom verkiesbaar stel.

In Johannesburg het ook twee Kommunistiese kandidate na vore getree, t.w. D. J. du Plessis, distriksekretaris van die Kommuniste, en M. Harmel. Hulle het Troyville en Hillbrow in die oog.

---

## Groot Verlies Vir Laeveld

Die Laëveld - kommando's (F.I.B. 2 en F.I.B. 6) het 'n gevoelige verlies gely met die afsterwe van oud-kommandant J. J. Smit van Steilkop, Tzaneen, op 8 Maart. Die Afrikaners van die Laëveld en die Ossewabrandwag in besonder sal sy minsame teenwoordigheid baie mis.

Met sy afsterwe het oom John nog gedien as Kommandoraadslid.

Hy het waarlik ons leuse uitgelewe: My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.—(Ingestuur).

---

## In Italië Vandag

(Vervolg van bl. 4, kol. 5)

die Italiaanse ideale en nie gebind wees deur familie-hindernisse nie. 'n Bevelvoerder van een van hierdie afdelings het aan 'n Amerikaanse joernalis verklaar: „Ons wil nie mense hê wie se vrouens aan hulle sal sê om versigtig te wees nie".

### IN ELKE STAD

Die beweging maak daarop aanspraak dat hy die medewerking van die leër en polisie het. **'n Priester het verklaar dat in elke stad daar sulke afdelings bestaan, in die Noorde sowel as in die Suide van Italië, en dat hulle die Kommuniste in getalle oortref.**

Dit is vandag duidelik dat Italië die land sal wees vir die volgende Kommunistiese aksie. Die Balkan is reeds platgeslaan en Griekeland is byna pappedruk — dus is dit nog net Italië en Frankryk wat oorbly.

# Afrikaner Uitgeskop Vir Immigrant

**Nog 'n geval waar 'n Afrikaner verdring is deur 'n Britse immigrant is onder die aandag van Die O.B. gebring. Dit geld in hierdie geval 'n flukse jong Afrikaner wat o.a. vir „vryheid van vrees" en „vryheid van gebrek" in Noord-Afrika en Italië geveg het. Sy werkgewer het in die tuisfront gedien.**

Na sy ontslag uit die leër het die betrokke persoon by 'n firma wat in boerekringe goed bekend is, in diens getree as werknemer op een van die firma se plase. Hy is later bevorder tot bestuurder en het intussen in die huwelik getree. Die firma, wat in die verlede merendeels Afrikaners in diens gehad het, het later in ooreenstemming met die regeringsberoep op besighede begin met immigrante invoer waar vakatures ontstaan. Kort gelede is 'n immigrant uit Australië op die plaas aangestel. Hy het geen oorlogsdiens nie. **Verlede week, dieselfde dag waarop die Afrikaner sy vrou met hul eerste baba uit die kraaminrigting tuisgebring het, is hy in kennis gestel dat hy die end van Mei sonder werk sal wees „omdat die plaas nie twee blankes regverdig nie".**

Daar word egter beweer dat die eintlike rede daarin lê dat nog 'n Britse immigrant onder weg is uit Engeland vir werk op die plaas, en dat dus dit die eintlike drie persone is wat die plaas nie kan dra nie. Die oudste werknemer moet dus wyk, want hy dra 'n Afrikaanse van.

# Anti-Kommuniste Word Uit Weg Geruim

Sowat 200 persone is die afgelope paar dae in Praag gearresteer deur die Kommunistiese regering. Hulle word daarvan beskuldig dat hulle die veiligheid van die staat bedreig. Hierdie groep mense is burgerlikes en sluit nie lede van die verdedigingsmag in nie, wat deur 'n militêre hof verhoor sal word. Die leër is naamlik ook op groot skaal gesuiwer.

---

**Die eertydse Duitse vesting,** Helgoland, sal weer deur die Geallieerdes onder bomme gesteek word om die verdedigingswerke in puin te lê wat by die vorige bombestoking onbeskadig gelaat is.

---

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Boikot van S.A. Is Amptelik In Londen Beveel

**Ten spyte van die hardnekkige amptelike ontkennings dat die Britse regering opdrag gegee het dat sy kolonies in Afrika nie in die Unie moet koop nie, word vir die soveelste maal bevestig dat hierdie opdrag van die Britse minister van finansies uitgegaan het omdat Suid-Afrika vandag geklassifiseer word as 'n land mét 'n inwisselbare geldeenheid, soortgelyk aan die Verenigde State met sy dollars.**

Die bevestiging is afkomstig van die gesaghebbende Britse blad, Financial Times, wat verklaar, na aanleiding van die feit dat Brittanje vanjaar minder goud uit Suid-Afrika gaan kry, „dit interessant is om daarop te let dat volgens die aanduidings wat deur die minister van finansies gegee is, Suid-Afrika geklassifiseer word as 'n land synde op pari met ander inwisselbare geldmarkte.

**„Opdrag is ook 'n tyd gelede om dieselfde rede aan ander lande in die sterlinggebied gegee om hul nie-noodsaaklike invoere uit Suid-Afrika in te kort," aldus die finansiële redakteur van die blad in 'n artikel wat een van 'n reeks is om die invoerverbod op Suid-Afrikaanse goedere te ontleed.**

Uit hierdie artikel blyk ook dat die Unie vanjaar nie meer as £80,000,000 se goud aan Brittanje sal gee nie. Daar is gehoop, so word verklaar, dat Brittanje baie meer as dit sal kry.


# Onenigheid Oor Ooreenkoms

Volgens die finale aankondiging insake die samewerking van die V.P. en die Arbeiders, sal die Arbeiders agt lede in die volksraad kry en twee in die senaat.

Ten gevolge van die ooreenkoms het 'n lid van die Arbeiders, mev. A. E. MacCullum, uit die party bedank omdat sy nie met die ooreenkoms saam gaan nie. Sy sal haar as onafhanklike kandidaat in Natal verkiesbaar stel.

Die Russiese vriend, mnr. E. Wanless, Arbeider-lid vir Umbilo het ook aangekondig dat hy hom nie verkiesbaar sal stel indien hy genomineer word nie, maar dat hy met ander „progressiewes" sal saamwerk. Hy het onlangs in die openbaar die hoop uitgespreek dat Suid-Afrika aan die kant van Rusland sal veg.

# WORD VRIENDELIKER ★



**Namate die spanning tussen die demokratiese lande en Rusland toeneem, verslap die vyandige houding wat eersgenoemdes teen die Franco-bewind in Spanje inneem. In die teken van hierdie verslapping staan die onlangse heropening van die grens tussen Frankryk en Spanje wat vir twee jaar gesluit was. Die foto toon die middernagtelike formaliteit by die heropening.**

# Deel van K.P. Moet by O.V.S. Ingelyf Word

Die inlywing van die noordoostelike en grensdistrikte van Kaapland, insluitende Oos-Londen, by die Oranje Vrystaat, word bepleit in 'n memorandum wat deur die skoolraad van Aliwal-Noord uitgereik is. Daarin word verklaar dat die vooruitgang van die land tot 'n groot mate vertraag word deur die onoordeelkundige indeling van die provinsies. Die raad verklaar dat daar nie genoegsame rede is waarom die voorstel verwerp kan word nie.

# Heidelberg Trek Sy Volle Gewig: Trakteer Lede

**Die Generaalskap van Heidelberg, Tvl., het die afgelope jaar weer pragtig gepresteer deur die groot som van £550, wat hulle jaarliks aan die hoofkwartier van Gebied E moet oorbetaal, te kon oordra, en nog soveel oorgehad het dat hulle 'n aangename funksie vir die ywerige brandwagte kon reël. Hierdie aankondiging is gedoen deur komdt. F. Rosslee tydens die viering van Vryheidsdag te Heidelberg.**

**Saam met die Ossewabrandwag het Heidelberg vanjaar weer op 27 Februarie Vryheidsdag gevier en braaivleis en ander smaaklike geregte is by hierdie geleentheid gratis aan die groot aantal aanwesiges verskaf. Talle H.N.P.-lede en ook oud-soldate was aanwesig.**

Na 'n uur van heerlike vleisbraai, is die aanwesiges welkom geheet deur komdt. F. Rosslee, wat almal uitgenooi het om saam met die Ossewabrandwag fees te vier. Brandwag J. D. Neethling het die verrigtinge met Skriflesing en gebed geopen.

Komdt. Rosslee het namens genl. J. Gouws wat nie teenwoordig kon wees nie, die Heidelbergse generaalskap geluk gewens met hul prestasie deur hul verpligtinge teenoor die sentrale kas na te kom en na oorbetaling van £550 nog geld oor te hê.

Genl. Heroldt van Springs het die aanwesiges daarna toegespreek en hulle gou onder sy invloed gehad met sy besielende toespraak waarin hy verwys het na die O.B. se aandeel in die stryd en die instelling van Amajubafees as 'n O.B.-feesdag. Hy het tot eensgesindheid gemaan en dat alles in ons vermoë gedoen moet word om ons vryheid te herwin.

Die Vryheidsvuur het presies om 9-uur opgevlam nadat dit deur fakkeldraers aangesteek is.

Die storting in die kissie het die mooi bedrag van meer as £11 opgelewer. (Korr.)

# Gebiedsleier Sê Dankie

**Gebiedsgenl. J. G. S. Opperman van Gebied E, spreek sy hoogste dank en waardering uit teenoor die Brandwagte van die Heidelbergse Generaalskap (Tvl.) wat so pragtig gepresteer het deur £550 aan die gebiedskas oor te betaal.**

**Toe genl. Gouws op die Gebiedsraad gevra is of sy afdeling dit sal kan opbring, is daar sterk aan getwyfel, maar die daad is by die woord gevoeg.**

# Tzaneen Se Vlag Wapper

Die Laeveld-kommando's van Tzaneen (F1b2 en F1b6) het Amajubadag weer vanjaar onder blyke van belangstelling gevier. Op 27 Februarie het ons Vryheidsvlam hoog gebrand en die program is stiptelik uitgevoer. Hfkomdt. Herman Kapp was in bevel gedurende die aand.

Op 13 Maart het ons 'n funksie in die skadus van die O.B. se wilde vyebome op die plaas Helderfontein van veldkt. N. J. van Schalkwyk gehou. Ons vlag wapper nog hoog. (Korr.)

# Pres. Truman Vra Konskripsie Teen Rusland

**Vir die eerste keer sedert Tsjeggo-Slowakye ten prooi geval het van die Kommuniste, het Amerika, by monde van pres. Harry Truman, van hom op baie duidelike wyse laat hoor. Pres. Truman het versoek dat die Amerikaanse verdediging in die haak gebring moet word en gepleit dat selektiewe diensplig weer ingestel word asook vir die stiptelike uitvoering van universele militêre diensplig. Amerika moet sterk bly om die lande in Europa wat deur die Kommuniste bedreig word, by te staan.**

Pres. Truman het 'n buitengewone gesamentlike sitting van die Kongres toegespreek en die toestand in Europa behandel asook maatreëls waardeur Europa gered en Amerika sterk gehou kan word.

**Solank as die volke van Europa nog nie heeltemal herstel het nie en deur Kommunisme bedreig word, moet die Amerikaanse magte in Europa bly.**

Rusland het deur sy volhardende gebruik van die vetoreg — hy het dit 21 maal gebruik — daarin geslaag om die werk van die V.V.O. onmoontlik te maak. Rusland en sy satelliete is uitgenooi om deel te neem aan die herstel van Europa, maar hulle het die verwerp, het Truman vervolg.

### DIE LYS

Pres. Truman het verwys na die steeds groter wordende invloed van Rusland in Europa en die lotgevalle van Griekeland, Finland en Tsjeggo-Slowakye behandel. Die tragiese dood van laasgenoemde was vir die beskaafde wêreld 'n skok.

Die tyd het aangebreek dat die vrye manne en vroue van die wêreld die bedreiging van hul vryheid vierkantig en moedig in die oë moet staar", het pres. Truman besluit.

Na die toespraak het hy verklaar dat hy nie gelukkig voel oor die dinge wat hy gesê het nie, maar dit noodsaaklik is om dit te sê.